**Die prostitusiedebakel**

Die stof rondom die Jameson-inval het skaars gaan lê toe Engelenburg deur ds. C. Spoelstra (1860-1918) oor die kole gehaal is oor twee artikels, naamlik van 29 September en 14 Oktober 1896, in *De Volksstem* waarin Engelenburg sy mening gelug het oor die prostitusiekwessie in Transvaal. Behalwe probleme op politieke gebied en die runderpes van 1896, wat uitgebrei het, was daar ook op maatskaplike gebied toenemend kommer. Die ongelyke geslagsamestelling in Johannesburg sedert sy ontstaan tot aan die einde van die 19de eeu het aansienlike geleenthede vir prostitusie gebied. Grootskaalse prostitusie was ŉ neweproduk van die agtiende-eeuse nywerheidsomwenteling, wat in Brittanje ontstaan het en spoedig ook in Wes-Europa en Noord-Amerika plaasgevind het. Verstedeliking en bevolkingsgroei was aan die orde. Dit was ook nie anders met die industriële ontwikkeling op die Witwatersrand sedert die ontdekking van goud in 1886 nie.[184] Teen 1896 was daar reeds ongeveer 1 000 prostitute in Johannesburg bedrywig, van wie ŉ klompie uit Natal, die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie gekom het. Die meeste was egter uit Wes-Europa – veral Frankryk, Duitsland en België – afkomstig, sowel as uit Hongarye, Madeira, Las Palmas, Brittanje en ander lande. Dit het beteken dat daar by geleentheid soveel as een prostituut vir elke 50 inwoners van die stad was. Anders gestel, was 10% van alle wit vroue in Johannesburg bo die ouderdom van 15 prostitute.[185]

Die prostitute en bordele het op hulle beurt weer misdadigers en dobbelaars na die stadskern gelok. Dit het groot maatskaplike probleme meegebring. Landdros Carl von Brandis het binne maande nadat die mynkamp ontstaan het, ŉ beroep op die regering gedoen om hom by te staan in sy stryd teen die prostitute, wat toe reeds bygedra het tot die grootskaalse verspreiding van geslagsiektes in die grootste deel van Johannesburg. Hy het gekla oor die

> liederlijke vrouwen van hier die bevonden worden ziek te zijn met besmettelijke ziekte ik bedoel de vuilziekte en die het geheele dorp en omstreeken aansteekt.

Hy het gevra of hy die vroue na die hospitaal in Pretoria kon stuur.

184 C. van Onselen, *New Babylon new Nineveh: Everyday life on the Witwatersrand 1886-1914*, p. 109.
185 L.F. Freed, The problem of European prostitution in Johannesburg: a sociological survey, pp. 6-7.

> Of wat moet ik met hunne doen? Hier is geen plek voor hunne. Er zijn alreeds meenigte van mannen ziek van deze ellendige creaturen.[186]

Die staatsprokureur se mening was dat dit nie wenslik sou wees om die vroue na Pretoria te bring nie en het aanbeveel dat Von Brandis 'n huis aankoop "om deze hoeren onder te brengen en te laten behandelen ...".[187] Dit moes egter so "zuinig mogelijk geskied". Hoewel die probleem geblyk het groot te wees , het die Volksraad aanvanklik voete gesleep om 'n huis beskikbaar te stel. Daar is wel op 8 Junie 1887 'n wet by Volksraadsbesluit goedgekeur en gepubliseer insake maatreëls teen die verspreiding van besmetlike en aansteeklike siektes.[188]

Van ongeveer 1892 af, toe die eerste diepmynbou begin het, het die invloei van geskoolde arbeid momentum gekry. Die gesondheidsuperintendent, A.H. Bleksley, het in 1895 'n sensusopname gedoen van die aantal bordele in Johannesburg in die hoop dat president Kruger 'n wet ten opsigte van oordraagbare siektes sou instel. Daar is voorgestel dat 'n wet gemaak word dat enige persoon wat sy/haar huis, kamer of vertrek vir prostitusiedoeleindes gebruik of laat gebruik, gestraf word met 'n boete van hoogstens £500.[189] Daar was teen 1896 reeds meer as 300 bordele in Johannesburg met ten minste 1 000 prostitute.[190] Feitlik elke huis in Loveday-, Jeppe-, Fraser-, Smal-, Delver- en Von Wiellighstraat was 'n bordeel. Selfs predikante op pad na kerkdienste moes die "onnoemelijke beleediging" verduur van genader te word deur die vroue.[191] In *New Babylon New Nineveh* wys Charles van Onselen op hoe die verskillende tussengangers probeer het om die bedryf te manipuleer en wins te maak uit die verhouding wat bestaan het tussen prostitute en die arm klasse in die tydperk voor die ontwikkeling van 'n ten volle gestabiliseerde werkersklas op die Witwatersrand.[192]

---

186 NASA, Pretoria, TAB, SS, 1416, R4025/87, telegram, Spesiale Landdros – Staatsekretaris, 18.06.1887.
187 NASA, Pretoria, TAB, SS, 1416, R4025/87, Staatsekretaris – Spesiale Landdros, 15.08.1887.
188 NASA, Pretoria, TAB, SS, 1416, art. 390, 31.05.1887. Besluit van die Volksraad.
189 NASA, Pretoria, TAB, SS, 5141, Staatsprokureur – Landdros, 04.04.1895.
190 NASA, Pretoria, TAB, SS, 5141, R13848/96, 06.09.1896. Memorandum.
191 NASA, Pretoria, TAB, SS, 5141, R13848/96, Versoekskrifte aan die Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, 06.09.1896. 17 bladsye met handtekeninge in dubbelkolomme van die publiek was by die versoekskrif aangeheg.
192 C. van Onselen, *New Babylon New Nineveh: everyday life on the Witwatersrand 1886-1914*, p. 112.

Teen 1896 het die Kruger-regering nog geen wet of regulasies teen prostitusie ingestel nie. Die regering was egter ten gunste daarvan dat bordele gereguleer word, eerder as om dit te verbied.[193] Predikante van alle denominasies aan die Witwatersrand het hulle stemme daarteen verhef. ŉ Afvaardiging is na president Kruger gestuur en na aanleiding daarvan is die Johannesburgse gesondheidskomitee op 26 September 1896 gevra om ŉ aantal regulasies op te stel wat aan die Uitvoerende Raad voorgelê moes word.[194] Die Transvaalse Mediese Vereniging het die gesondheidskomitee gevra om die registrasie van prostitute verpligtend te maak, dat alle bordele geregistreer moes word en dat die lede daarvan gereeld mediese ondersoeke moes ondergaan.[195] Een van die siektes wat groot kommer gewek het, was sifilis. Sifilis was en is steeds wêreldwyd ŉ groot probleem waar prostitusie bedryf word. Die opening van die mineraalvelde en die ontwikkeling van myndorpe in Suid-Afrika het groot getalle mense bymekaargebring. Prostitusie het grootliks tot die oordrag en verspreiding van veneriese sifilis bygedra. Verder het die oorvol en vuil leef- en werksomstandighede op die myne en in die krotbuurte ŉ ideale omgewing vir endemiese sifilis geskep. Vanaf die 1880's het die regerings van die Kaapkolonie en die ZAR spesifiek begin om inligting van distriksgeneeshere aan te vra oor die omvang van sifilis.[196] Spoelstra het gemeen dat die sluiting van die bordele ten minste een groot bron van sifilis sou keer.[197]

Engelenburg het nie geskroom om in sy koerant oor die probleem te skryf nie en het besluite wat deur die sedebewakers geneem is, bevraagteken. Hy het gemeen dat indien die komitee advies ingewin het van iemand wat ondervinding van wetgewing oor die saak gehad het en wat ŉ studie daarvan gemaak het, hulle meer vir die sedelikheid sou bereik het. Hy het aanbeveel dat die prostitusievraagstuk deur die plaaslike gemeenskap bespreek word en dat die gemeenskap die sleutel tot ŉ oplossing gehad het, soos in die meeste beskaafde lande die geval was. Hy was van

---

193 NASA, Pretoria, TAB, SS, 5141, R12731/95, Staatsprokureur – Gesondheidskomitee, 09.07.1896; Landdros – Staatsekretaris, 09.07.1896; Staatsekretaris – Landdros, 14.07.1896; Uitvoerende Raad – Staatsekretaris, 18.07.1896; Staatsekretaris – Gesondheidskomitee, 06.10.1896.

194 NASA, Pretoria, TAB, SS, 5141, R3322/96, R5313/96, R12731/95, korrespondensie oor die wenslikheid van bordele. TAB, SS, 5141, R12731/95, Uitvoerende Raad – Staatsekretaris, 18.07.1896.

195 NASA, Pretoria, TAB, SS, 5141, R12731/95, versoekskrif van Transvaalse Mediese Vereniging, 26.09.1896.

196 K. Jochelson, *The colour of disease: syphilis and racism in South-Africa, 1880-1950*, pp. 3, 10-11.

197 C. Spoelstra, *Teedere zaken: een debat over het prostitutie vraagstuk in de Zuid-Afrikaansche Republiek met dr. F.V. Engelenburg*, p. 63.

mening dat dit die taak van die pers was om enersyds hierdie tipe sake onder die aandag van die publiek te bring en andersyds die openbare mening voor te lig. Engelenburg se artikels het ds. Spoelstra na sy pen laat gryp. In ʼn ope brief van 71 gedrukte bladsye, gedateer 29 Oktober 1896, het hy die twee artikels gekritiseer en hier en daar beledigende aanmerkings oor Engelenburg as persoon gemaak.[198] Engelenburg is kwalik geneem omdat hy die prostitusieprobleem in die oopte gebring het vir ieder en elk om te bespreek, in plaas daarvan dat dit binne die raadsale van die stadsvaders en die Uitvoerende Raad gebly het. Hy is ook kwalik geneem omdat hy van mening was dat ʼn algehele verbod op prostitusie onuitvoerbaar was. Engelenburg se siening was dat

> [h]et kwaad, zo oud als de wereld, is niet met een machtspreuk uit te roeien al slaagt men er in de duisternis terug te dringen, dan richt het daar tienmaal ergere gevolgen aan ...[Dit was] ... een kwaad dat bijna even lang bestaat als er mensen bestonden met menselike hartstochten…[199]

Spoelstra het gemeen dat persone wat sulke teorieë verkondig, hulle gemis aan karakter, aan selfbeheersing en aan reinheid probeer goedpraat.[200] Hy het gemeen dat deur die sluiting van die bordele ten minste een groot bron van sifilis gekeer kon word.[201] Engelenburg was van mening dat dit liewer aan elke dorpsraad oorgelaat moes word om die probleem van prostitusie te kontroleer en te reglementeer.[202]

Engelenburg se artikel van 31 Oktober 1896 waarin hy die prostitusieprobleem ontleed het, bewys weer eens dat hy sy tyd ver vooruit was. Hy het die Goudstadse sensusopname van Julie 1896 bestudeer en daaruit afgelei dat ongeveer 54 000 mans in Johannesburg feitlik selibaat was, met ander woorde van die 61 151 volwasse mans was ongeveer agt negendes feitlik selibaat. Sy

---

198 C. Spoelstra, *Teedere zaken: een debat over het prostitutie vraagstuk in de Zuid-Afrikaansche Republiek met dr. F.V. Engelenburg*, pp. 1-71.

199 Redaksionele kommentaar, "Tedere zaken", *De Volksstem*, 29.09.1896; Redaksionele kommentaar, "Tedere zaken", *De Volksstem*, 14.11.1896.

200 C. Spoelstra, *Teedere zaken: een debat over het prostitutie vraagstuk in de Zuid-Afrikaansche Republiek met dr. F.V. Engelenburg*, p. 21.

201 C. Spoelstra, *Teedere zaken: een debat over het prostitutie vraagstuk in de Zuid-Afrikaansche Republiek met dr. F.V. Engelenburg*, p. 63.

202 Redaksionele kommentaar, "Tedere zaken", *De Volksstem*, 29.09.1896.

mening was dat solank die byna weergalose wanverhoudinge op seksuele gebied bestaan het en die praktiese besware teen die aangaan van huwelike nie weggeneem word nie, die Transvaalse wetgewers nie sou ingaan op die suggestie van ds. Spoelstra nie, naamlik die absolute geregtelike verbod op prostitusie.[203] L.F. Freed het 45 jaar ná hierdie voorval bevind dat Engelenburg ŉ merkwaardige insig geopenbaar het deur die maatskaplike probleem te analiseer. Die feit dat Engelenburg die probleem metodologies benader het, bewys dat hy ŉ denker was wat sy tyd ver vooruit was.[204]

**Engelenburg bots met die gereg**

Die laaste deel van 1895 en die hele 1896 was moeilik vir Engelenburg. Eers moes hy sy vakansie in die Kaap kanselleer om saam met Leyds op ŉ geheime regeringsending na Europa te vertrek, en daarna moes hy inderhaas na Suid-Afrika terugkeer kort voor die Jameson-inval plaasgevind het. Hy kon nie ŉ voet uit Pretoria sit nie en moes oral wees om te sorg dat die hele saak in die koerant gedek word.

Dan was daar ook nog die prostitusiedebakel tussen Engelenburg en ds. Spoelstra. Te midde hiervan was dit dus geen wonder nie dat Engelenburg daardie Desember van 1896 ŉ ruskans geneem het om ŉ paar weke in Kaapstad deur te bring. Hy is gasvry deur sy tante onthaal.[205] Engelenburg het weer die Kasteel in Kaapstad besoek en op sy gebruiklik noukeurige manier alles ondersoek, soos sy gewoonte was in museums, kunsversamelings en kerkgeboue. Hy het selfs die vullishoop by die Kasteel ondersoek en op twee groot brons-kroonkandelare afgekom wat weggegooi was. Toe hy daarna uitvra, het die opsigter van die Kasteel hom meegedeel dat hulle nutteloos en waardeloos was. As gevolg van die Kasteel se omskakeling na elektrisiteit het die kandelare, waarin destyds kerse gebrand het en wat deur Rijk Tulbach ingevoer en geïnstalleer is, in onbruik geraak. Hy kon dit koop of selfs verniet kry.[206] Engelenburg het dit vir

203 Redaksionele kommentaar, "Tedere zaken", *De Volksstem*, 31.10.1896.

204 L.F. Freed, The problem of European prostitution in Johannesburg: a sociological survey, p. 5. Sien ook L.F. Freed, *The problem of European prostitution in Johannesburg: a sociological survey*, p. 6.

205 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 28.01.1897.

206 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter nagedagtenis aan my groot en getroue vriend" in *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 16-17.

ŉ bedrag van £40 gekoop.[207] Een van die kandelare het hy aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie geskenk, wat dit in die Raadsaal op Kerkplein moes aanbring, en die ander een het hy behou om in sy huis wat hy ná die Anglo-Boereoorlog gebou het, op te hang.[208]

Engelenburg was skaars terug van sy vakansie in die Kaap toe hy vroeg in Februarie 1897 sy mening uitgespreek het oor ŉ saak wat nog nie in die hof afgehandel was nie. Dit was tydens ŉ geding tussen ŉ sekere Brown en staatsekretaris W.J. Leyds. Engelenburg het in ŉ hoofartikel van 10 Februarie 1897 afkeurende kritiek teen die hofsaak gelewer. Hy het sy lesers ingelig dat die betrokke saak tussen Brown en Leyds reeds in die najaar van 1895 in die hof aandag geniet het. Die hooggeregshof het die beslissing egter uitgestel tot die einde Januarie 1897, te laat dus vir die voorbereiding en publikasie van ŉ sekere konsepwet en aan die vooraand van die verkiesing vir ŉ staatsekretaris. Ná meer as ŉ jaar het die hof op 22 Januarie 1897 sy uitspraak gegee. Regter J.G. Kotzé (1849-1940) is toe al geruime tyd lank gesien as ŉ opvolger van Leyds, en Engelenburg kon duidelik die verband sien tussen Kotzé se belange as kandidaat en die inhoud van die vonnis, asook die tydstip van openbaarmaking. Engelenburg het gemeen dat die tydsberekening van die uitspraak duidelik daarop gemik was om Leyds in ŉ swak lig te plaas.[209] Die regter het die artikel so sleg opgeneem dat hy Engelenburg voor die regbank gedaag het op ŉ aanklag van minagting van die hof. Hierdie oortreding was toe onbekend in die Romeins-Hollandse reg. Engelenburg, wat dit goed geweet het, het besluit om hom self in die hof te verdedig[210] en met die regters wat die saak hanteer het, ŉ bietjie gek te skeer.[211]

Louis Leipoldt het ná Engelenburg se dood die volgende staaltjie oor die betrokke hofsaak vertel: Op die oggend waarop Engelenburg sy verskyning voor die hof moes maak, het hy deftig van sy kantoor gestap, gekleed in sy toga en bef en gevolg deur twee swart mans wat elkeen ŉ kruiwa,

---

207 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 28.01.1897.

208 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 31.05.1897.

209 Redaksionele kommentaar, "Volksraad en Hooggerechtshof", *De Volksstem*, 10.02.1897.

210 Engelenburg is reeds in 1889 as advokaat tot die balie van die ZAR toegelaat, maar het nooit as advokaat gepraktiseer nie.

211 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg: knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 19.

vol gelaai met regsboeke, in Markstraat af gestoot het, skuins oor Kerkplein in Kerkstraat op en regs in St. Andriesstraat in, om die ou hooggeregshofgebou, waar die Turkstra-koffiehuis later gestaan het, te bereik. Hy het met opset sy tog na die hofsaal so lank en indrukwekkend as moontlik gemaak en self met ŉ doodernstige gesig voor die swart mans gestap.[212] Die regbank het bestaan uit hoofregter E.J.P. Jorissen (1829-1912) en regters Reinhold Gregorowski (1856-1922),[213] H.A. Ameshoff (1860-1905) en G.T. Morice (1858-1930).[214] Engelenburg se intrede in die hof het ŉ opskudding veroorsaak, wat regter Jorissen, erg gesteld op sy waardigheid, glad nie aangestaan het nie, ofskoon regter Ameshoff, wat dadelik lont geruik het, die saak nugter benader het. Tydens die verhoor het Engelenburg gereeld na die regsboeke en die Grondwet verwys.[215]

Die gebeure van die hofsaak is volledig in *De Volksstem* opgeneem. Volgens die berig het die saak skaars begin toe Engelenburg daarop aangedring het dat hy ingevolge artikel 15 van die Grondwet van 1858 daarop geregtig was om tereg te staan voor ŉ regbank van drie landdroste en 12 "gezworenen". Dié Grondwet was toe nog steeds die fondament van die ZAR se regterlike organisasie. Jorissen het gemeen dat Engelenburg se betoog die grondwetlike geldigheid van die bestaan van die hof ontken het. Engelenburg het dit bevestig. Die staatsprokureur het toe verklaar dat die hof deur ŉ bevoegde gesag in die lewe geroep is en dat die wettigheid van sy bestaan onbetwis was.

Tydens die hofsaak in verband met Engelenburg se gewraakte artikel het regter Jorissen gemeen dat Engelenburg se berig die hof verdag probeer maak het deur sy uitlating dat die hof sy uitsprake gerig het op politieke motiewe. Engelenburg het van Jorissen verskil wat die roeping

---

212 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg: knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 19.

213 Regter R. Gregorowski het in 1896 die doodstraf opgelê op vier lede van die *Reform Committee*. Die vier lede is later deur president Kruger begenadig. Gregorowski is in 1922 op 66-jarige leeftyd op die Pretoria-stasie aan beroerte oorlede. Kyk M. Wiechers, "Gregorowski, Reinhold" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp. 280-281.

214 Anon., "Hooggerechtshof – 15 Februarie – Dr. F.V. Engelenburg wegens minachting van het hof ", *De Volksstem*, 17.02.1897.

215 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg: knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 19.

van die pers betref. Die hof het dit "verdachtmaking" genoem, terwyl Engelenburg dit "voorlichting" genoem het. Hy het ook daarop gewys dat dit ŉ vasstaande feit was dat die lede van die hof aan die politiek deelgeneem het. Dit was ook ŉ feit dat die hoofregter gestreef het na die begeerde pos van staatsekretaris. Engelenburg het ten slotte gesê dat dit vir hom moeilik was om ŉ suiwer verdediging aan te voer waar hy voor die feit te staan gekom het dat hy ŉ hof toespreek wat regter was in sy eie saak. Teen die einde van die hofsaak het Engelenburg in die volgepakte saal ŉ lang pleidooi gelewer en het hy geëindig met ŉ beroep op die regbank om hom tog nie te swaar te straf nie. Engelenburg het tong in die kies aangevoer dat gevangenisstraf hom sou kon ruïneer, en so ook ŉ groot boete, aangesien hy nie vermoënd was nie en van ŉ salaris moes leef. Gregorowski het opgemerk dat indien die hof nie die doodstraf sou uitspreek nie, verbanning ŉ moontlikheid was. Engelenburg het toegevoeg dat géselslae ook ŉ moontlikheid kon wees, dog dat hy nie net arm was nie, maar ook swak.[216]

E.I. Rooth (1862-1928),[217] wat die hofsaak bygewoon het, het later jare aan Leipoldt vertel dat die regters, met uitsondering van Jorissen, wat so kwaad was dat hy werklik lus gehad het om op die verspotte advokaatjie die doodstraf toe te pas, hulle lag nie kon bedwing nie. Hierdie insident gee ŉ aanduiding van een van Engelenburg se temperamente – die voorliefde wat hy gehad het om altyd ŉ bietjie humor met ernstige sake te meng. Jorissen het ten slotte in sy uitspraak besluit dat die artikel van Engelenburg nie lasterlik was nie, maar wél minagting van die hof.[218] ŉ Boete van £25 en die koste van die hofgeding is Engelenburg opgelê.[219] Vir hom was dit egter eerder ŉ oorwinning as andersom: "... ik had bijna alle Volksraadsleden op mijn hand".[220] ŉ Aantal Volksraadslede en lede van die Uitvoerende Raad en hoofamptenare het hom kort daarna verras

---

216 Anon., "Hooggerechtshof – 15 Februari – Dr. F.V. Engelenburg wegens minachting van het hof", *De Volksstem*, 17.02.1897.

217 E.I. Rooth was ŉ regspraktisyn en wetgewer. Hy is op 66-jarige leeftyd tragies oorlede as gevolg van ŉ skietvoorval. Kyk W.D. Maxwell-Mahon, "Rooth, Edward Isaac" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 545-546.

218 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg: knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 19.

219 Anon., "Hooggerechtshof – 15 Februari – Dr. F.V. Engelenburg wegens minachting van het hof", *De Volksstem*, 17.02.1897.

220 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 22.02.1897.

met ŉ welluidende dokument ter ondersteuning, asook ŉ bedrag geld om sy boete en hofkoste te betaal. Vir Engelenburg was dit veral die blyke van simpatie wat waarde gehad het.

> Ik zal het papier bewaren als een aandenken aan de moeilike dagen welke wederom talrijk zijn in 1897. Vechten is altijd vervelend, maar zo nu en dan de zege behalen verzoet de miséres van mijn beroep![221]

In sy openbare dankbetuiging oor die aangeleentheid het Engelenburg in sy hoofartikel van 26 Februarie 1897 geskryf:

> De editeur is zeer gevoelig voor dit blijk van sympathie en vindt daarin een aanmoediging om naar zijn beste kennis en vermogen zijn taak te vervolgen.

Ofskoon geen gebore Transvaler nie, het hy sedert die aanvang van sy werksaamhede in die ZAR probeer om die goeie reg van sy aangenome volk te help handhaaf en die aspirasies van sy medeburgers te deurgrond en te verdedig. Die feit dat Engelenburg se pogings nie ongewaardeerd gebly het nie, het vergoed vir menige oomblik van joernalistieke leed en verdriet.[222] Teen 1897 was Engelenburg goed bekend in die ZAR en die hofsaak sou die hele gemeenskap, vriend en vyand, se aandag trek. Die feit dat die hele verloop van die hofsaak in *De Volksstem* gepubliseer is, sou waarskynlik ook meebring dat die koerant heelwat meer koerante as gewoonlik verkoop het. Die feit dat Engelenburg as die "held" uit die hofsaal gestap het, het sy aansien in die gemeenskap verhoog – veral omdat Volksraadslede en lede van die Uitvoerende Raad hom ondersteun en selfs sy boete vir hom betaal het. Dit is byna seker dat die gemeenskap nog lank ná die saak gepraat het oor hoe Engelenburg die regters aan die neus gelei het.

### Engelenburg bots weer met die gereg

Toe Engelenburg eienaar van *De Volksstem* word, was die Selati-spoorwegskandaal, wat vir die grootste deel van die 1890's groot aandag in Suid-Afrika en in Europa geniet het, nog nie afgehandel nie. Reeds in die 1880's was daar praatjies in omloop van goud wat op die oewer van die Selati-rivier naby Leydsdorp ontdek is, asook by Gravelotte, Rubbervale en Trichardtsdal. In daardie stadium was daar al ŉ behoefte om ŉ spoorlyn van ŉ punt in die Delagoabaai-spoorlyn deur die Laeveld na die Selati-goudveld te bou. Die ontdekking van die goudveld het enige

---

221 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 25.02.1897.

222 F.V. Engelenburg, "Dankbetuiging", *De Volksstem*, 26.02.1897.

huiwering oor die aanbou van die spoorlyn laat verdwyn. Kruger het die Volksraad in 1890 oorreed om die konstruksie van so ŉ spoorlyn in beginsel goed te keur.[223] Die hoeveelheid goud wat ontginbaar was, was egter nie voldoende om groot mynmaatskappye daar te laat belê nie, maar was genoeg om een van die grootste spoorwegskandale van die tyd te ontketen. Die Volksraad het die Selati-spoorwegkonsessie goedgekeur en dit het meer as een keer hande verwissel voor die 23-jarige Fransman baron Eugene Oppenheim en sy broer dit op ŉ sluwe manier bekom het.[224]

Kruger was ten gunste van Oppenheim omdat hy ŉ Fransman was en hy spesifiek Britse betrokkenheid daardeur sou stuit deur Franse kapitaal te gebruik. Oppenheim het egter geen geld gehad om ŉ maatskappy te stig nie en toe die regering se geduld begin opraak, het hy ŉ maatskappy in Brussel sonder enige kapitaal gestig. In 1892 is die Frans-Belgische Maatschappij van de Noorder Spoorweg der Zuid Afrikaanse Republiek (Bpk.) in Brussel gestig.[225] Oppenheim het sonder die ZAR-regering se medewete die boukontrak vir ŉ spoorlyn deur middel van ŉ middelman, Louis Warnant, aan ŉ Britse firma, *Westwood and Winby*, toegeken.[226] Die maatskappy het egter nie gewag om uit te vind hoe die nuwe goudveld vaar nie en het voortgegaan om die spoorlyn van Komatipoort tot by die punt waar die Skukuzakamp in die Nasionale Krugerwildtuin vandag is, te bou.

Die volgende stap was om ŉ brug oor die Sabierivier te bou. Toe Oppenheim ŉ verdere £500 000 van die regering geëis het om die lyn verder te neem, het kommissaris J.S. Smit (1845-1904), wat landdros in Pretoria was, ondersoek begin instel na die boeke van die maatskappy. Volgens kontrak moes die maatskappy se hoofkantoor in Pretoria gehou en die boeke in Nederlands opgestel wees. Smit vind toe uit dat die maatskappy se kantore in Brussel was en dat die boeke in Frans gehou word. In Augustus 1894 is Oppenheim se swendelary ontbloot en is ŉ volledige

223 U. de V. Pienaar, *A cameo from the past: the prehistory and early history of the Kruger National Park*, p. 357.

224 D. Diespecker, "Problems with a historical document – Cd 623 and the history of the Selati railway" in *Kleio*, 29(1), 1997, p. 58.

225 NASA, Pretoria, ZAR, vol. 9, Eerste en Tweede Volksraadsnotules van die ZAR 1892, artikel 452, 11.06.1892.

226 U. de V. Pienaar, *A cameo from the past: the prehistory and early history of the Kruger National Park*, pp. 358-359.

ondersoek deur die ZAR-regering gelas. Die bankrotskap van die maatskappy het die einde van die spoorlyn beteken[227] en het gelei tot gedurige rusies tussen die ZAR-regering en die Selati-spoorwegmaatskappy.

In April 1898 het die regering die maatskappy nogmaals gedagvaar, hierdie keer om onder andere die Selati-spoorwegkonsessie te kanselleer op grond van die nienakoming van voorwaardes wat aan die maatskappy gestel is. Die maatskappy het die eis egter bestry op "diverse gronden en exceptien". Hulle verweer was dat die som geld wat die ZAR-regering aan die konsessiehouers sou betaal vir die oprigting van die maatskappy, onvoldoende was. Die maatskappy moes verdere uitgawes aangaan om somme geld, aandele en geskenke aan lede van die Volksraad van die ZAR en hulle bloedverwante en vriende uit te deel in ruil vir die verlening van die konsessie. Hulle het die geld van die regering teruggeëis. Die regering het op sy beurt daarop aangedring dat die vae beskuldiging van omkopery behoorlik in die hof gestaaf moes word. Die maatskappy moes bewys wie hulle omgekoop het, deur wie omgekoop is en teen welke bedrag omgekoop is.[228]

Engelenburg het die hofsaak, wat in Pretoria gehou is, noukeurig gevolg en op 7 en 8 Junie 1898 so volledig moontlik in *De Volksstem* verslag gedoen. Volgens die berig het die maatskappy die volgende aan geskenke van die regering teruggeëis: £2 535 kontant, 3 500 aandele in die maatskappy, 12 spiders en twee karre. Engelenburg het selfs genoem wie van die Volksraadslede en hulle vriende en familie volgens die maatskappy deur die konsessie bevoordeel is.[229] Engelenburg het verder geskryf dat daar 'n paar dae lank 'n klein orgie van presente uitdeel plaasgevind het wat ten slotte bekroon is met 'n groot maaltyd wat in die Transvaal Hotel aangebied is deur Barend J. Vorster. Honderd gaste het aangesit en 24 toesprake is gehou. Die staatspresident en staatsekretaris was nie teenwoordig nie. Engelenburg kon nog duidelik die dae vol vreugde onthou toe geneeshere, allerlei praktisyns, politici en wie nie nog nie iets van die goue reën geniet het.

227 U. de V. Pienaar, *A cameo from the past: the prehistory and early history of the Kruger National Park*, p. 359.
228 Redaksionele kommentaar, "Praatjes van de dag", *De Volksstem*, 27.04.1898.
229 F.V. Engelenburg, "Verdediging der Selati-Maatschappij", *De Volksstem*, 08.06.1898.

Onnodig te zeggen dat de *Volksstem* editeur geen present hoegenaamd heeft ontvangen.[230]

In sy voortvarendheid het Engelenburg onderhoude gevoer met lede van die Volksraad, wat natuurlik ontken het dat hulle enige geskenke ontvang het. Engelenburg het selfs so ver gegaan om sy mening oor die saak uit te spreek wat nog in die hof hangende was.[231] Die regters was woedend daaroor en het Engelenburg weer eens gedagvaar vir minagting van die hof weens die artikels wat hy op 7 en 8 Junie in *De Volksstem* gepubliseer het.[232] Die saak is op 13 Junie 1898 aangehoor. Met die uitspraak van die hof het Engelenburg skotvry daarvan afgekom, met slegs 'n waarskuwing dat hy hom in die toekoms daarvan moes weerhou om 'n mening uit te spreek oor sake wat nog hangende was.[233]

Die Selati-verhore het voortgegaan en 'n verdoemende uitspraak is teen die maatskappy gegee omdat hy vervals het en van vervalsing gebruik gemaak het. Eugene en Robert Oppenheim het elk een jaar gevangenisstraf en £2 000 boete gekry, en so ook Henri Warnant. M. Terwange is gevonnis tot ses maande en £500 boete. Hulle het teen die vonnis geappelleer, maar op 22 Januarie 1901 het die appèlhof die strawwe verhoog. Eugene Oppenheim se straf is verhoog tot drie jaar gevangenisstraf en Henri Warnant s'n tot twee en 'n half jaar. Terwange s'n is verhoog tot een jaar. Robert Oppenheim, wat weens siekte eers op 22 April 1901 verhoor is, het dieselfde straf as sy broer gekry.[234] Die aandeelhouers het al hul geld in die proses verloor en die regering van die ZAR is gelaat met 'n onbruikbare, half-voltooide spoorlyn.[235]

**Leyds word gesant in Europa**

Op 15 Maart 1897 word die nuus ontvang van die skielike afsterwe van G.J. Th. Beelaerts van Blokland.[236] Hy het 'n beroerte gekry terwyl hy 'n kerkdiens in Den Haag bygewoon het.

---

230 F.V. Engelenburg, "Verdediging der Selati-Maatschappij", *De Volksstem*, 08.06.1898.

231 F.V. Engelenburg, "Verdediging der Selati-Maatschappij", *De Volksstem*, 08.06.1898.

232 NASA, Pretoria, TAB, Griffier van die Hooggeregshof van die ZAR (ZTPD), vol. 8/579, verw. 10269/1898. Dagvaarding.

233 NASA, Pretoria, TAB, ZTPD, vol. 8/579, verw. 10269/1898. Uitspraak van die hof.

234 NASA, Pretoria, LA, vol. 570, Stenografiese verslag oor die Selati-saak, Brussel, 22.04.1900.

235 D. Diespecker, "Problems with a historical document – Cd 623 and the history of the Selati railway" in *Kleio*, 29(1), 1997, p. 62.

236 G.J. Th. Beelaerts van Blokland is op 12 Januarie 1843 in Rotterdam gebore.

Beelaerts van Blokland was sedert 1884 gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Europa. Kort ná sy dood is die pos van buitengewone gesant en gevolmagtigde minister vir Leyds aangebied, wat dit aanvaar het.[237] Op 24 en 25 Maart 1897 het die Uitvoerende Raad aan Leyds ŉ reeks opdragte gegee, waarvan die belangrikste die bevordering van die Republiek se belange in Lourenço Marques was. Leyds sou eers in 1898 permanent na Europa terugkeer, maar moes intussen eers soontoe reis om onder andere die Portugese regering te oorreed om Britse druk te verontagsaam en Delagoabaai in ŉ neutrale hawe te omskep.[238] Hy het op 31 Maart 1897 vertrek en tot 14 Augustus in Europa vertoef. Op dié reis het hy Europa nog in sy ou hoedanigheid, dié van staatsekretaris, besoek. Hy wou hom nie toe al as die pasaangestelde gesant van die ZAR voorstel nie omdat die formaliteite noodwendig te veel tyd in beslag sou neem. In die lig van Leyds se opdragte kon G.V. (George) Fiddes (1858-1925), wat op die punt was om as Imperiale Sekretaris na die Kaap te vertrek, geen bevredigende oplossing vir die Suid-Afrikaanse vraagstuk, behalwe oorlog, voorsien nie. Hy het gemeen dat hoe langer dit uitgestel word, hoe groter die probleme sou wees waarmee Brittanje uiteindelik gekonfronteer sou word.[239] As gevolg van Leyds se aanstelling as gesant het Engelenburg in Mei 1897, kort ná Leyds se vertrek, besluit om sy voorgenome besoek aan Europa af te stel. As Leyds permanent teruggaan Europa toe en ŉ nuwe staatsekretaris sy moeilike amp moes vervul

> ... acht ik het beter om hier te blijven. Hij kan mij nodig hebben, reden waarom ik de reisplannen weggeborgen heb.[240]

Buitendien moes voorbereidings vir die komende presidentsverkiesing gedoen word, wat in 1898 sou plaasvind. Engelenburg het dit in 1897 oorweeg om die joernalistiek vaarwel toe te roep en ŉ ander betrekking te soek wat verwyder sou wees van die beslommernisse en teleurstellings van ŉ redakteur. Die feit dat hy slegs ŉ werknemer by die koerant was, het dit ook nie vir hom makliker gemaak nie. Maar dan het daar weer tye gekom waarin alles nie so donker gelyk het

---

237 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: ŉ biografie van dr. W.J. Leyds*, pp. 191-193.

238 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 35-36.

239 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, pp. 267-268. Sien ook G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1881-1899 IV*, p. 483.

240 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 30.05.1897.

nie.[241] Hy was ook steeds gepla met die sporadiese koorsaanvalle as gevolg van malaria wat hy in 1890 opgedoen het. Hy het in April 1897 weer ŉ koorsaanval gehad en het besluit om ŉ ander middel te soek ter bestryding van die koors. Hy het gemeen dat ŉ bietjie wegbreek van die kantoor die beste medisyne vir hom sou wees en het hom kort daarna in Natal bevind vir ŉ kort ruskans. Engelenburg het geglo dat die kinien wat hy telkens moes drink wanneer hy ŉ koorsaanval gekry het, die oorsaak van sy depressie was.[242] Hy wou nie graag siek word nie, want met al die gebeurlikhede met betrekking tot die politiek, asook al die ongunstighede rondom Delagoabaai, moes hy "volkomen 'ready for action' ... zijn". Die verandering van lug sou hom goed doen, maar hy wou nie ver van Pretoria gaan nie, vir geval hy dringend benodig word. In elk geval het hy daarteen opgesien om na Kaapstad te reis. Die koors het hom heeltemal gedaan gemaak.[243] ŉ Maand later het hy aan Leyds geskryf dat sy verblyf in Durban hom goed gebaat het "en voel ik mij nu weer all right".[244]

**Die 1898-presidentsverkiesing**

Engelenburg was bekommerd dat Kruger daarteen sou opsien om verder te regeer as Leyds sou besluit om nie meer in Pretoria te bly nie.[245] Sy twyfel is uit die weg geruim toe Kruger besluit het om in die komende verkiesing weer vir president te staan. Engelenburg het net so ŉ heftige stryd soos in 1893 verwag

> omdat de Johannesburgsche goudkoningen geen moeite zullen sparen om Kruger eruit te werken. Het rapport der Industrieele Kommissie is ongunstig ontvangen door de Transvaalsche groep, terwijl Johbg [Johannesburg] erover juicht.[246]

---

241 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 13.03.1896.

242 Kinien se oorsprong is in die vroeë 17de eeu in Peru. Dit is vir 350 jaar effektief gebruik as antimalariamedikasie. In die lys newe-effekte van die gebruik van kinien wat in 2001 deur H. Mahlhorn geïdentifiseer is, word depressie nie as een daarvan vermeld nie. Kyk H. Mehlhorn, *Encyclopedic reference of Parasitology*, p. 305. Dit is dus waarskynliker dat malaria en die sporadiese koorsaanvalle daarna verantwoordelik was vir Engelenburg se depressie en dus nie die medikasie in besonder nie.

243 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 06.04.1897.

244 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 02.05.1897.

245 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 27.07.1897.

246 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 16.08.1897.

Vir dié verkiesing het Engelenburg 'n klein boekie van 30 bladsye uitgegee wat gehandel het oor die aanstaande presidentsverkiesing, wat van 5 Januarie tot 5 Februarie 1898 sou plaasvind. In die voorwoord het hy geskryf dat die presidentsverkiesing sou plaasvind volgens 'n stelsel wat in die ZAR geheel nuut was, naamlik met geheime stemming. Hy het daarin 'n uitleg gegee van die bestaande Transvaalse kieswette (no. 3 van 1894, no. 6 van 1897 en no. 4 van 1871), asook presies hoe en waar elke persoon moes stem. Hy wou seker maak dat daar nie tydens die verkiesingstyd verwarring heers nie.[247] Engelenburg het ook 'n beroep gedoen op alle stemgeregtigde burgers om sorg te dra dat hulle by die veldkornette as kiesers geregistreer is. 'n Burger wat nie geregistreer was nie, kon ook nie sy stem uitbring nie.[248] Die verkiesing het weer, soos met die vorige een, veel van Engelenburg se tyd in beslag geneem. Vroeg in November 1897 het dit in Pretoria druk gegaan en het hy van harte verlang na rus – iets wat hom vir 'n lang tydperk nie beskore was nie.

> Binnekort zal de Volksraad, voor een tweetal maanden altans, huistoe gaan. Dan krijgen we de drukte der Presidents-verkiezing.[249]

As politieke kommentator was Engelenburg steeds nie blind vir die regering se foute nie en het hy van tyd tot tyd kritiek gelewer of sy afkeuring uitgespreek. Met die verkiesing op hande moes hy Kruger in 'n goeie lig stel om sodoende stemme vir hom te werf.[250] Engelenburg het telkens aan sy lesers beklemtoon dat alleen Kruger die Transvaalse onafhanklikheid sou kon handhaaf.[251] President Paul Kruger, kommandant-generaal Piet Joubert (1834-1900) en Schalk Burger (1852-1918), almal lede van die uitvoerende raad, was die kandidate. Engelenburg het nie

---

[247] NASA, Pretoria, ZAR, Pamfletteversameling, P.364, verw. 8885, "De aanstaande Presidents-elektie, 5 Januari – 5 Februari 1898, Geheime Stemming" – deur F.V. Engelenburg (Volksstem-drukkerij, September 1897).

[248] Redaksionele kommentaar, "Elektie niews", *De Volksstem*, 04.12.1897.

[249] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 08.11.1897.

[250] Redaksionele kommentaar, "De Volksraad", *De Volksstem*, 16.02.1898.

[251] Redaksionele kommentaar, "Maar een kandidaat", *De Volksstem*, 25.08.1897; Redaksionele kommentaar, "Onvertrouwbaren profeten", *De Volksstem*, 28.08.1897; Redaksionele kommentaar, "President Kruger treedt niet af", *De Volksstem*, 11.09.1897; Redaksionele kommentaar, "Politieke haat", *De Volksstem*, 09.10.1897; Redaksionele kommentaar, "Als in water geschreven", *De Volksstem*, 23.10.1897; Redaksionele kommentaar, "Kinds en doof", *De Volksstem*, 13.11.1897. Sien ook S. Strauss, Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902: 'n kritiese metodelogiese (sic) analise, p. 102.

getwyfel aan Kruger se herverkiesing nie, "ook al geloof ik dat Burger veel stemmen op zich zal verenigen".[252] Schalk Burger het Engelenburg meegedeel dat hy slegs as kandidaat sou staan ingeval daar geen ander teenkandidaat was nie, met ander woorde indien Piet Joubert hom sou onttrek. Aan sy tante Koopmans-De Wet het Engelenburg geskryf dat hy liewer vir Piet Joubert as teenkandidaat wou sien as vir Schalk Burger.

> In alle gevalle zullen we niet – zoals ik eerst gehoopt had – in rust en vrede de electie doorkrijgen, maar zal er ijverig gewaakt moeten worden voor Kruger's belangen.[253]

Engelenburg het Schalk Burger gekritiseer omdat hy met die opposisie geheul het. Hy het beweer dat Burger die verkiesingstryd gevoer het met geld wat deur die Randse Goudmyn-eienaars verskaf is. Engelenburg het telkens die versekering gegee dat Kruger weer sou wen en by enkele geleenthede is Burger selfs versoek om ten gunste van Joubert te onttrek.[254] Toe die Volksraad daardie November verdaag, het Engelenburg aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat sy sou begryp watter verademing dit vir die joernalistegilde was. Hy kon nou weer met nuwe moed begin werk aan die presidentsverkiesing, wat in Januarie sou begin. Wanneer dit verby was, sou die Volksraad weer in Februarie begin

> ... en zoo gaat het zijn gangetjie; elke week, elke dag brengt zijn question brulante, en de tijd vliegt om.[255]

Die uiteinde van die 1898-verkiesing was dat Kruger by die stembus 'n verpletterende oorwinning oor sy teenstanders Piet Joubert en Schalk Burger behaal het.[256] In Mei daardie jaar

---

252 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, 09.01.1898.

253 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 08.11.1897.

254 Redaksionele kommentaar, "Pretoria's belang", *De Volksstem*, 03.11.1897; Redaksionele kommentaar, "Presidents-verkiezing. Een wachtwoord", *De Volksstem*, 20.11.1897; Redaksionele kommentaar, "Presidents-reis", *De Volksstem*, 08.12.1897; Redaksionele kommentaar, "Tastbare leugenberichten", *De Volksstem*, 11.12.1897; Redaksionele kommentaar, "Presidents-reis", *De Volksstem*, 24.12.1897; Redaksionele kommentaar, "De President en de generaal te Pcstroom", *De Volksstem*, 29.12.1897; Redaksionele kommentaar, "J.B. Robinson's politiek", *De Volksstem*, 31.12.1897. Sien ook S. Strauss, Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902: 'n kritiese metodelogiese (sic) analise, p. 103.

255 Redaksionele kommentaar, "De Raadzitting van 1897," *De Volksstem*, 15.11.1897.

256 Redaksionele kommentaar, "De elektie voorbij", *De Volksstem*, 02.02.1898; Redaksionele kommentaar, "De uitslag", *De Volksstem*, 12.02.1898.



Illustrasie 24: President Paul Kruger. Bron: www.sahistory.org.za (geraadpleeg op 20.02.2014).



Illustrasie 25: Generaal Piet Joubert. Bron: www.sahistory.org.za (geraadpleeg op 20.02.2014).



Illustrasie 26: Generaal Schalk Burger. Bron: www.sahistory.org.za (geraadpleeg op 20.02.2014).



Illustrasie 27: Jan Smuts. Bron: www.sahistory.org.za (geraadpleeg op 20.02.2014).

is hy vir die vierde keer plegtig as staatspresident beëdig.[257] Omvattende publisiteit is aan die voorbereiding hiervan gegee.[258] Die uitgawe van *De Volksstem* van 13 Mei 1898 het agt kolomme aan ŉ beskrywing van die verrigtinge beslaan, plus verdere ruimte aan Kruger se toespraak.[259] Engelenburg het Kruger se oorwinning as ŉ sege bestempel en het goedkeuring verleen aan die nuwe stelsel van geheime stemming wat die ZAR pas ingevoer het.[260]

**Leyds se vertrek na Europa**

Leyds het gewag tot die presidentsverkiesing agter die rug was voordat hy permanent na Europa vertrek het. Op 26 Mei is ŉ afskeidsbanket in Pretoria vir Leyds gehou, waarna Engelenburg Leyds dieselfde dag na Lourenço Marques vergesel en hom op die hawe gaan wegsien het. In ŉ vierkolomartikel het Engelenburg Leyds se vertrek beskryf en ook gemeld

> ... vele personen waren aan boord aanwezig om afscheid te nemen.[261]

Op 29 Mei was Engelenburg terug in Pretoria. Volgens hom sou daar moeilik ŉ plaasvervanger gevind word wat met sukses in die skoene van Leyds sou staan.[262] Kort ná Leyds se vertrek is Jan Smuts (1870-1950) as staatsprokureur aangestel. Smuts het ŉ goeie indruk op Engelenburg gemaak. Engelenburg het sy aanstelling in *De Volksstem* sterk gesteun, waarvoor Smuts teenoor hom baie erkentlik was.[263] Engelenburg het aan Leyds geskryf dat "Der Neue Kurs"[264] ŉ aanvang geneem het: F.W. Reitz (1844-1934)[265] is aangestel as staatsekretaris, en Jan Smuts,

---

257 D.W. Krüger, "Kruger, Stephanus Johannes Paulus" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 473.

258 Anon., "Presidents-inzwering", *De Volksstem*, 09.04.1898; Anon., Presidents inzwering", *De Volksstem*, 30.04.1898; Anon., "President's inzwering", *De Volksstem*, 07.05.1898; Anon., "Paul Kruger en zijn tijd", *De Volksstem*, 11.05.1898; Anon., "Presidents inzwering", *De Volksstem*, 11.05.1898.

259 Redaksionele kommentaar, "Presidents inzwering" *De Volksstem*, 13.05.1898; Redaksionele kommentaar, "Leve Paul Kruger", *De Volksstem*, 14.05.1898; Redaksionele kommentaar, "Pretoria in 1883", *De Volksstem*, 14.05.1898.

260 Redaksionele kommentaar, "De elektie voorbij", *De Volksstem*, 02.02.1898.

261 Redaksionele kommentaar, "Dr. Leyds vertrek", *De Volksstem*, 28.05.1898; Anon., "Dr. Leyds' afscheidsdinner", *De Volksstem*, 28.05.1898.

262 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 30.05.1898.

263 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 04.07.1898.

264 Om Afrikaners in hoë staatsposte aan te stel.

265 F.W. Reitz is in 1888 as president van die Oranje-Vrystaat verkies. Nadat hy in 1895 herverkies is en hy ŉ reis na Europa onderneem het, het hy baie siek geword en moes aftree. In 1898, nadat hy herstel het, is hy

soos reeds genoem, as staatsprokureur. Die 25-jarige P.G.W. (Piet) Grobler (1873-1942)[266] as onderstaatsekretaris, A.F. Kock (1869-1948) as regter[267] en Piet Kruger[268] as meester van die hooggeregshof. Oor voornoemde persone het Engelenburg sy eie opinie gehad. Reitz se debuut in die Volksraad was ŉ mislukking, met die gevolg dat hy nie weer gevra is om verslag oor sake te lewer nie. Smuts het ŉ goeie indruk gemaak. Hy het verstandig gelyk, vol goeie wil en was ernstig omtrent die werk. Die benoeming van Piet Grobler bo Ten Haaf was die handewerk van lede van die Eerste Volksraad – ŉ verteenwoordigende vergadering van burgers van die staat wat, anders as die Tweede Volksraad, grotendeels die Kruger-regering gesteun het. Engelenburg het wel potensiaal in Grobler gesien.

> Onder Boeschoten werd in zyn kantoor teveel met gemarkeerde pas gelopen; veel stof, maar geen werk.[269]

Oor Reitz se "mislukt debuut" het Engelenburg ŉ maand vroeër aan Leyds geskryf dat, toe Reitz sy eerste verskyning in die Volksraad gemaak het met betrekking tot die uitsettingswet, "is hij 'flat' gevallen". Die lede was erg teleurgesteld oor sy antwoorde, veral omdat hulle nog steeds gewoond was aan Leyds se manier van doen.[270] Engelenburg het ook vertel van die afskeidsete vir meneer C. van Boeschoten:[271]

> Het was een huilerige affaire. Van Boeschoten is zo gedaan, wat zyn zenuwen betreft, dat het amper ridikuul[272] werd.[273]

Leyds se vertrek uit Pretoria het ŉ groot leemte gelaat, maar as gesant van die ZAR sou hy voortaan ŉ noodsaaklike rol in Europa speel. Hy het ŉ kantoor in Brussel gevestig en Van Boeschoten sou hom daar bystaan. Leyds se oorplasing na Europa was ŉ buitengewoon goeie

---

aangestel as die staatsekretaris van die ZAR. Kyk J.C. Moll, "Reitz, Francis William" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp. 592-600.

266 Piet Grobler was ŉ kleinseun van president Kruger.

267 A.F. Kock is in Junie 1898 op 28-jarige leeftyd as strafregter van die hooggeregshof van die ZAR aangestel. Kyk P. van Warmelo, "Kock, Antonie François" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 298.

268 Piet Kruger was ŉ kleinseun van president Kruger.

269 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 03.07.1898.

270 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 19.06.1898.

271 Van Boeschoten is afgevaardig om Leyds in Brussel by te staan.

272 Ridikuul – belaglik.

273 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – F.W. Leyds, 03.07.1898.

besluit van die ZAR-regering. Leyds sou later, gedurende die Anglo-Boereoorlog, maar ook daarna, waardevolle werk in belang van die Transvaalse saak in die buiteland verrig. Die regering het ook begin om "seuns van die land" in belangrike poste in die regering aan te stel. Kruger was pas herkies as president van die ZAR en hy kon nie 'n beter manier vind om sy politieke ondersteuners te beloon nie. Nie almal in die ZAR was tevrede met Leyds se aanstelling as gesant in Europa nie. Die opposisiekoerante het dit uitgebuit deur te beweer dat Leyds die geld wat die regering vir sy salaris toegestaan het, sou gaan uitmors terwyl die gemeenskap in die ZAR gebuk gegaan het onder droogte en die runderpes. Watter sukses sou Leyds in elk geval hê? *The Star* het sy vertrek na Europa verwelkom. Leyds se doen en late in Europa is, afgesien van die Kruger-regering, ook deur *The Star* en *Land en Volk* goed gevolg.[274]

**Engelenburg word eienaar van *De Volksstem***

Engelenburg se voorneme om die joernalistiek te verlaat, het intussen gewyk. Sy lang verwagte droom om eienaar van *De Volksstem* te word, is eindelik in Januarie 1898 bewaarheid. Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat die koerant en alles wat daarby behoort, binnekort sy eiendom sou word en hy dus nie meer van ander afhanklik sou wees wat die beheer oor die koerant betref nie:

> Ik heb nooit de ambitie gehad om rijk te wezen, doch heb wel steeds de behoefte gehad om onafhanklijk en zelfstandig te kunnen zijn.

Dié behoefte, het hy gehoop, sou weldra verwesenlik en bevredig kon word. Dit het hom voldoening besorg om te dink dat, wanneer *De Volksstem* in Augustus 1898 sy 25-jarige bestaan vier, die koerant onder Engelenburg se leiding nie agteruitgegaan het in invloed en verspreiding nie.[275]

---

274 Anon., "Humpty Dumpty", *The Star*, 20.07.1898; Anon., "Dr. Leyds in Paris", *The Star*, 19.08.1898; Anon., "Introducing dr. Leyds", *The Star*, 23.09.1898; Anon., "His status", *The Star*, 01.10.1898; Anon., "Dr. Leyds and Alice in Wonderland", *The Star*, 20.12.1898; Anon., "Dr. Leyd's optimism", *The Star*, 23.06.1899; Anon., "Dr. Leyds komt terug", *Land en Volk*, 11.01.1899 (verwysende na sy besoek aan Suid-Afrika vroeg in 1899); Anon., "Ernstig misverstand", *Land en Volk*, 03.05.1899; Anon., "De politieke crisis", *Land en Volk*, 03.05.1899; Anon., "Een Rotterdamsche vergadering: Ondersteuning zonder hulp", *Land en Volk*, 15.08.1899.

275 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 15.11.1897.

Op Woensdag 22 Desember 1897 het die Volksstem Maatschappij ŉ buitengewone vergadering van aandeelhouers gehou ten einde ŉ aanbod om die besigheid oor te neem te oorweeg. Hulle het besluit om die maatskappy te likwideer, waarna Engelenburg beheer oor die onderneming verkry het.[276] Deur die oorname van die koerant kon hy nou sy eie stempel daarop afdruk en sy loopbaan op ŉ veel stewiger voetstuk plaas. Sy geldelike vooruitsigte het bevredigend begin lyk. Teen April 1898 het hy reeds die oorgrote deel van sy skuld vir *De Volksstem* afbetaal. Izaak Wallach het teen daardie tyd die sakekant van die blad so goed ontwikkel dat hy reeds aan die begin van daardie jaar ŉ volle vennoot geword het en as sakebestuurder aangestel is.[277] Soos voorheen genoem, het Engelenburg en Wallach reeds vanaf 1895 op sakegebied saamgewerk. Hulle het tot Engelenburg se dood vriende en vennote gebly. In dieselfde jaar wat Engelenburg die koerant oorgeneem het, het Frederik Jacobus Leonardus Rompel (1871–1947) tot die koerant se personeel toegetree.[278] Frederik Rompel is in Amsterdam gebore en was redakteur: buiteland, asook parlementêre verslaggewer vir die blad.

Tot 1897 het Engelenburg en L.G. Vorstman saam ŉ huis in St. Andriesstraat gehuur terwyl Vorstman sy huis in Sunnyside verhuur het. Die huurder is later terug na Europa, met die gevolg dat Vorstman teruggetrek het na sy eie huis. Wanneer Engelenburg ŉ tydjie gehad het, het hy by Vorstman besoek afgelê en soms daar oorgeslaap.[279] Vorstman het Engelenburg ook dikwels vergesel wanneer hy op reis of met vakansie gegaan het. Toe Vorstman kort voor die Anglo-Boereoorlog na Nederland terug is, het ŉ hegter vriendskap tussen Engelenburg en sy vennoot, Izaak Wallach, ontwikkel. Wallach was daarna die persoon wat Engelenburg op vakansiereise vergesel het. Engelenburg het eenkeer, toe Vorstman nog in Pretoria gewoon het, vanuit laasgenoemde se huis aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat hy oorlaai was met werk wat verswaar is deur die afwesigheid van een van sy beste redakteurs. Verder was daar nog die likwidasie van die Volksstem Maatschappij, wat pas afgehandel was, en ander sake, maar

---

276 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 15.11.1897.

277 E. Rosenthal, "Wallach, Izaak" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 800.

278 J.J.J. Scholtz, "Rompel, Fredericus (Frederik) Jacobus Leonardus" in C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 691.

279 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 09.01.1898.



Illustrasie 28: Izaak Wallach.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

> [i]ntussen heb ik niet te klagen over mijn gezondheid. Ik neem mij in acht, ben zorgvuldig inzake voeding, rijd dagelijks bicycle en gevoel mij lichamelijk tevreden.[280]

Hy het ook aan haar genoem dat hy aan die einde van die jaar beplan het om 'n besoek aan Europa te bring

> want komplete rust is een dringende behoefte waarnaar ik snak.[281]

Engelenburg het reeds in 1896 aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat daar eens 'n skrywer was wat verklaar het dat 'n mens slegs volkome rus kon verkry as mens twee illusies volledig verloor, naamlik die illusie van die liefde en dié van ambisie. Op 33-jarige leeftyd het hy nog geen vaste verhouding met 'n vrou aangegaan nie.

> Ik ben hard op weg om die rust deelachtig te worden en ook de illusie der ambitie te verliezen.[282]

Hy het begin rondkyk vir grond om te koop waarop hy 'n woonhuis kon bou. Argitek F.A. Bodde het 'n voorlopige begroting vir die bou van 'n woonhuis gegee; dit sou volgens Bodde £2 100 bedra. Engelenburg het 'n aanbod vir 'n stuk grond by agent Palfrey gemaak en het gewag vir 'n beslissing. Hy het besluit, dat sou hy nie die terrein kry nie, hy moes wag tot die Ziervogel-landgoed onder die hamer kom. Engelenburg het besluit om die aanbod van Leyds aan te neem van 'n lening van £2 000 vir die grond en huis teen 6% rente. Hy het onderneem om dit halfjaarliks af te betaal in £200-paaiemente.[283] Die erwe van die Ziervogel-landgoed het in Junie 1898 onder die hamer gekom, maar het te duur na Engelenburg se sin gegaan, naamlik £600 en £500 elk. Engelenburg was haastig om grond te koop en te bou, want Hollard, sy huisbaas, het die huurgeld weer verhoog.[284] Uiteindelik het Engelenburg toe tog twee erwe van die Ziervogel-landgoed onder Meintjeskop in Arcadia bekom. Hy het £900 daarvoor betaal. Die erf waarop hy die huis wou bou, het hy teen £450 kontant gekoop en die tweede erf sou hy in paaiemente

280 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 09.01.1898.
281 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 09.03.1898.
282 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 15.06.1896.
283 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 22.04.1898.
284 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg –W.J. Leyds, 19.06.1898.

afbetaal. Hy was nie haastig om 'n huis te bou nie, omdat sy huurkontrak vir die woonplek in St. Andriesstraat nog nie verstryk het nie. Aan Leyds se vrou, Louise, het hy geskryf dat die erwe 'n pragtige uitsig gehad het oor die weste, noorde en suide van Pretoria. "Ook die huis is keurig ... op papier nog maar".[285] Die laagste tender vir die nuwe woning was ongeveer £2 300; voeg daarby die aanlê van elektrisiteit en water, dan sou die bedrag op £2 700 te staan kom.

> Dit is op dit ogenblik boven myn financiele vuurmaakplek, temeer omdat ik al myn krediet behoef voor de bezigheids-uitbreiding. Ik zal dus wachten met de bouwery van het privaat-huis totdat ik de gehele benodigde som by mekaar heb.[286]

Die geld wat hy by Leyds geleen het en wat hy nie reeds bestee het vir die aankoop van die grond nie, het intussen in die bank gebly en rente verdien.

Engelenburg was baie ingenome dat die koerant, waaraan hy so vas verbonde was, vooruit gegaan het. Behalwe die twee erwe in Arcadia wat hy gekoop het[287] om 'n huis op te bou, het hy, noudat hy eienaar van die koerant was, met die regering onderhandel oor die huur van 'n stuk grond in die middestad waarop hy behoorlike kantore wou oprig.[288] Hy het beplan om, sodra alles afgehandel was, met sy huis te begin.[289] Hy het aan Leyds geskryf dat dit goed gegaan het met *De Volksstem*. Die skuld aan die bank was so goed as afbetaal en die aansoek om 'n stuk staatserf te huur te kry vir 'n nuwe gebou vir die koerant is gunstig deur die regering ontvang. Die verkope van die koerant het steeds gestyg. Elke maand was 'n verbetering op die vorige een.[290]

Op 30 Augustus 1898 het hy 'n huur-en-verhuurkontrak met die regering gesluit vir onbeboude erf nr. 456, op die hoek van Pretoriusstraat en Matthysenlaan[291] (later Fonteinlaan en tans bekend as Volkstemlaan). Die vasgestelde huursom was £15 per maand. Volgens die kontrak is hy

285 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – L.W.S. Leyds, 23.05.1898.

286 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 05.09.1898.

287 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Afskrifte van twee transportaktes, no. 5685/1898 en 5686/1898.

288 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 15.08.1898.

289 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 10.10.1898.

290 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 03.07.1898.

291 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 05.09.1898. Engelenburg het dit "Matthysenlaan" geskryf. In J. Ploeger en T. Andrews se werk *Street and place names of old Pretoria/Straat- en plekname van ou-Pretoria*, p. 69, word dit egter "Mathiesonlaan" geskryf.

toegelaat om 'n gebou op die erf op te rig op voorwaarde dat dit so ingerig word dat, indien die staat dit later oorneem om vir een of ander staatsdoel te gebruik, die gebou daarvoor geskik sou wees. Indien die regering die kontrak binne vyf jaar beëindig, sou die staat die volle koste van die gebou aan die huurder uitbetaal. Hierdie uitbetaling sou egter nie £4 000 te bowe kon gaan nie. Indien die kontrak nie ná vyf jaar nie, maar binne tien jaar beëindig word, sou die staat aan die huurder 'n driekwart van die volle koste betaal. Indien die ooreenkoms ná tien jaar deur die staat beëindig word, maar binne vyftien jaar, sou die regering die helfte van die volle koste aan die huurder betaal. Indien die ooreenkoms 21 jaar duur, dan sou die regering van die ZAR, sonder vergoeding aan die huurder, eienaar van die gebou word. Die kontrak is deur Engelenburg onderteken as die huurder en die verhuurder was die staat. S.W. Wierda (1839-1911), hoof van openbare werke, het namens die staat die kontrak onderteken.[292] Engelenburg, toe vyf en dertig jaar oud, was in September nog druk besig met die bouwerk op 'n, volgens hom, pragtig sentraal geleë erf:

> [I]k hoop nu ten slotte de Volksstem op een krachtige basis te hebben neergezet. Alle schulden zijn afbetaald en, wanneer het geluk mij een beetje meeloopt, zal ik een ruim bestaan uit die koerant kunnen hebben.[293]

Die nuwe drukkery, skuins teenoor die landdroshof, het op 11 Oktober 1898 geopen. Engelenburg het dit beskryf as 'n ruim besigheidsplek waarvan die sale, bestem vir die drukkery, settery, bindery en magasyn, ontwerp is met inagneming van higiëne en gemak vir die personeel. Ten einde aan die voorpunt van die vak te bly, is 'n paar linotipes uit Noord-Amerika bestel en in bedryf gestel.[294] Hy het daarna met die oprigting van die kantore vir die personeel aan die voorkant van die straat begin.

> Ik begin zo snel mogelijk met het bouwen van een stenen kantoor langs de straat: Middelberg heeft my een paar duizend ponden ter leen uit Amsterdam bezorgd tegen vyf percent.[295]

---

292 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, kontrak nr. 72, R. 8127/98.

293 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 41, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 19.09.1898.

294 Redaksionele kommentaar, "De Volksstem", *De Volksstem*, 12.10.1898.

295 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 10.10.1898.

Baie van sy tyd en aandag het in die nuwe kantore gegaan. Hy het beplan om, wanneer dit klaar was, met sy huis in Arcadia te begin.[296] Laasgenoemde sou egter eers in 1903 realiseer. Die kantore is vroeg in 1899 voltooi. Teen daardie tyd was *De Volksstem* in Pretoria "zonder twijfel in alle opzichten het eerste en best geredigeerde orgaan".[297] Die gebou wat Engelenburg opgerig het, staan vandag nog.[298] Die datum op die gewel bokant die hoofingang, naamlik 1873, verwys na die stigtingsdatum van die koerant en nie na die gebou self nie. In werklikheid het die personeel die kantore net vir 'n paar maande gebruik voordat die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek het.

Wat hierdie gebou besonders maak, is dat dit die enigste negentiende-eeuse koerantgebou in Suid-Afrika is wat tot vandag behoue gebly het en dit is steeds 'n bekende baken in Pretoriusstraat. Hoewel dit van geen argitektoniese belang is nie, verteenwoordig dit 'n tipies laat negentiende-eeuse plattelandse Europese boustyl in die neoklassieke styl. Die gebou is op 10 Augustus 1990 as 'n nasionale monument geregistreer.[299] Die gepleisterde enkelverdiepinggebou is in 'n L-vorm met borsweringmure aan beide die straatfronte. Agter die borswering aan die Pretoriusstraat-kant is 'n platdak-konstruksie, terwyl die borswering van die Matthysenlaan-fasade (nou Volkstemlaan) 'n spitsdak versteek. Die gebou is van 1996 tot 2000 deur die argiteksfirma Minnaar en Minnaar Argitekte gerestoureer. Die hoekingang vorm nou die hoof-ontvangsarea vir besoekers. Spore van die oorspronklike muurpapier is onder 'n klomp lae verf ontdek en 'n replika daarvan is laat maak vir die ontvangsarea en nog 'n vertrek.[300] Die res van die gebou is ook opgeknap en huisves tans die vervoermuseum van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in groot uitstalruimtes. Die binnehof is deel van die opelug-voertuiguitstalarea. Aan die suidekant van die grond is 'n nuwe museumwerkswinkel gebou.


In dieselfde jaar wat Engelenburg eienaar van *De Volksstem* geword het, is die koerant se 25ste bestaansjaar gevier. Die personeel het 'n soortgelyke boodskap as vyf jaar tevore vir Engelenburg aangebied, naamlik "dat de Volksstem steeds de stem des volks moge zijn". Binne die vyf jaar

---

296 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 07.11.1898.
297 Anon., "Nederlandsche pers in die Z.A.R." in *Neerlandia*, 3, Februarie 1899, p. 11.
298 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, kontrak no. 72, R. 8127/98.
299 Anon., "Lys van verklaarde Nasionale Monumente in Gauteng", p. 5.
300 Linda Brink Private Argief (LBPA): Onderhoud dr. Enla Minnaar, Universiteit van Pretoria, 08.02.2007.



Illustrasie 29: *De Volksstem* se nuwe gebou in 1898 op die hoek van Pretoriusstraat en Matthysenlaan (vandag Volkstemlaan). Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, verkry van 'n glasplaatjie-negatief.







Illustrasie 30: Groeteboodskap van *De Volksstem* se personeel aan F.V. Engelenburg by die herdenking van die koerant se 25e bestaansjaar in 1898. Die gedenkseëls is spesiaal ontwerp en is daardie jaar op die briewe wat uitgegaan het se koeverte geplak, bykomend tot die gewone posseëls. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

het die koerant en drukkery aansienlik gegroei. Buiten Engelenburg was daar in 1898 23 blanke personeellede aan die koerant en drukkery verbonde, naamlik twee voormanne, agt koerantsetters en dertien smoutsetters en drukkers.[301]

Uit Brussel het Hippoliet Meert tydens die herdenkingsjaar in die maandblad *Neerlandia* geskryf dat *De Volksstem* onder Engelenburg se leiding nie afgewyk het van die ou beginsels nie. Inteendeel, hy het onvermoeid gereed gestaan om die "loerenden en sluipenden luipaard"[302] af te weer. Hy het ook gemeld dat *De Volksstem* 'n groot leserskring gehad en 'n sterk staatkundige invloed uitgeoefen het, sodat dit tereg "de stem van het Volk" genoem kon word.[303] Meert het verder geskryf dat Engelenburg in die eerste plaas 'n politieke joernalis was en as sodanig geheel in die politieke tweegeveg opgegaan het wat reeds 'n halwe eeu lank gevoer is tussen die Afrikaner-element in Suid-Afrika en die Britse Imperiale faktor. Hy was 'n sterk, dog geensins slaafse, steun vir die regering en het nie gehuiwer om sy afkeuring uit te spreek wanneer iets na sy mening,verkeerd was nie.

> Zijn streven is de Z.A.R. politiek en economisch, niet bij naam, maar in werkelijkheid, onafhankelijk te maken van den overwegenden Engelschen invloed.[304]

As gevolg van dié siening was Engelenburg nie gewild onder die Engelssprekende deel van die bevolking nie. Wat egter te betreur was, was dat hy onder die Afrikaners bittere vyande gehad het. In sy herdenkingsartikel op 10 Augustus 1898 het Engelenburg geskryf dat dit sy ideaal was om vry en onafhanklik in sy beriggewing oor die gebeure in die land te wees.

Wat die plaaslike politiek betref, ly dit geen twyfel nie dat *De Volksstem* in daardie jare as mondstuk van die regering opgetree het. Dat die blad op besonder bekwame wyse geredigeer is, blyk veral uit die inleidingsartikels wat deur Engelenburg persoonlik geskryf is. Dié artikels is hoofsaaklik gewy aan sake rakende die internasionale knoeiery teen die voortbestaan van die Republiek, terwyl 'n aansienlike deel van die inhoud gewy is aan die bestryding van aanvalle

---

301 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Oorhandigingsboodskap aan F.V. Engelenburg tydens *De Volksstem* se 25ste bestaansjaar, 08.08.1898.
302 Britse elemente.
303 H. Meert, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Neerlandia*, 2, Oktober 1898, p. 2.
304 H. Meert, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Neerlandia*, 2, Oktober 1898, p. 2.

deur die opposisiepers.[305] Die hoofredakteur was goed op die hoogte van die algemene politieke toestande en het die volksgevoel deeglik in aanmerking geneem. Uit die inleidingsartikels spreek nie alleen ŉ beter kennis van die ware strewe van die volk nie, maar ook ŉ dieper en breër insig in internasionale sake. Telkens het die blad laat deurskemer dat die redakteur veel beter ingelig was oor internasionale reg as sy voorgangers.[306] In die jare vorentoe sou dit Engelenburg goed te pas kom om sy lesers op die hoogte te hou van gebeure tydens die aanloop en gedurende die Anglo-Boereoorlog en die twee dekades ná afloop van die oorlog.

**Samevatting**

A.P. du Plessis het bevind dat ŉ migrant in sy nuwe samelewing in aanraking kom met verskillende persoonlikhede, groepe en kultuurelemente waarby hy hom bevredigend moet aanpas. Aanvanklik is dit ŉ bewuste sosiale aanpassing wat mettertyd onbewus aanvaar word.[307] Die oppervlakkige verhoudinge wat Engelenburg aan die begin met die Boeregemeenskap opgebou het, was daarop gerig om hulle beter te verstaan, maar ook om hulle steun te werf om op sy koerant in te teken, eerder as wat hy ware vriendskappe met hulle wou smee. Die ware vriendskappe wat hy in die beginjare in die Transvaal gesmee het, was met sy landgenote, byvoorbeeld met dr. Leyds, G.A.A. Middelberg en ander.

Om deel te word van die werkende samelewing, maar kultureel nog as afsonderlike groep onderskei te word, kan as ŉ eerste algemene fase van sosiale aanpassing getipeer word.[308] Hoewel Engelenburg die identiteit van die Nederlandse kultuur behou het, het hy waardevolle werk in die nuwe samelewing verrig om deur middel van *De Volksstem* die Transvaalse gemeenskap se gesindheid ten opsigte van landsake, soos byvoorbeeld teenoor skoolopleiding vir

305 Redaksionele kommentaar, "Britsch, Zuid-Afrikaansch, Transvaalsch", *De Volksstem*, 24.03.1890; Redaksionele kommentaar, "Groot-Brittanie vs de Zuid-Afrikaansche Republiek", *De Volksstem*, 24.04.1890; Redaksionele kommentaar, "De twee Volksraden", *De Volksstem*, 28.04.1890; Redaksionele kommentaar, "Wat nu?", *De Volksstem*, 03.07.1890; Redaksionele kommentaar, "De Swaziland-conventie", *De Volksstem*, 08.08.1890. Sien ook P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900, pp. 51-52.

306 P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van 'De Volkstem' 1873-1900, pp. 51, 54.

307 A.P. du Plessis, Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing, p. 112.

308 A.P. du Plessis, Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding tot aanpassing, p. 113.

hulle kinders, positief te beïnvloed. Hy was ook daarop ingestel om oplossings vir die probleem van onontwikkeldheid onder die Afrikaners aan die hand te doen.

Aanvanklik het Engelenburg sy Nederlandse identiteit probeer behou deur voorkeur te gee aan die bevordering van die Nederlandse taal ten koste van Afrikaans. Wanneer hy sosiaal verkeer het, het hy sy eie landgenote opgesoek. Die Jameson-inval was die keerpunt in die ZAR se politiek. Die inval het ook ŉ keerpunt gebring in verband met Engelenburg se idee van die Afrikaner. Die feit dat hy die Jameson-inval saam met die Transvalers kon meemaak, het hom ŉ beter begrip van die ZAR en sy mense gegee. Weens die sterk gelade nasionalistiese atmosfeer wat ná die Jameson-inval geheers het, het die Transvalers, en ook Engelenburg, toenemend onder die indruk gekom dat hulle die magtige Brittanje die stryd kon aansê. Hulle het die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1) gewen; nou het hulle die Jameson-inval ook gestuit. Dit het by hulle ŉ valse bravade gekweek en hulle het geglo dat ŉ Tweede Vryheidsoorlog ŉ blote formaliteit sou wees.